

CQ BOLAND



NUUSBRIEF VAN
DIE BOLAND AMATEURRADIO KLUB

SEPTEMBER 2007

KOMITEE VAN BOLAND AMATEURRADIO KLUB

Voorsitter/Tesourier	Rassie Erasmus	ZS1YT	021-8545764
Ondervoorsitter/Sekretaris	Karl Canitz	ZS1KC	021-9765237
CQ Boland	Johan le Roux	ZS1RX	021-9192246
Web Meester	Deon Heydenrych	ZS1G	0826539884
Bulletinrooster	Olivier van Staden	ZS1OLI	021-8698564
Geleenthheids koördineerder	Bennie Harhoff	ZR1JHD	021-8725598
Jeugsake	Jean Coetzee	ZS1HJC	083-2618589
Addisionele lid	Conrad Esterhuizen	ZS1ES	083-6296316

KLUBBULLETINS

Tyd: Sondae om 7:45
 Frekwensies: 3670kHz, 7094kHz LSB en 145,700 FM

KENNISGEWING VAN DIE VOLGENDE BARK VERGADERING

U word vriendelik uitgenooi na 'n klubvergadering op Saterdag 15 September 2007 om 11:00 by die Laerskool Lochnerhof in Die Strand. Die vergadering behoort so teen 12 uur klaar te wees en daarna sal die braaivleis-vure aangesteek word. Moenie van die kattebak verkoping vergeet nie. Bring u eie kos, eetgerei, drinkgoed, stoele, rooster ens. saam. Verder in hierdie uitgawe is 'n beskrywing om by die vergadering uit te kom.



BARK
Vergadering...



BYDRAES TOT CQ BOLAND

Die redaksie van CQ BOLAND verwelkom alle bydraes vanaf Boland se Amateurs en vriende van die klub. Bydraes mag egter volgens die diskresie van die redakteur aangepas en geplaas word om sodoende die gepastheid en kwaliteit van inligting en artikels te verseker. Bydraes moet ten minste vier weke voor die datum van die volgende vergadering aan die redaksie met behulp van E-pos, pakketradio of op disket gestuur word.



Stuur u bydraes aan:

Pakket: ZS1RX@ZS0BEL.TBG.WCP.ZAF.AF

E-pos: ZS1RX@MAILBOX.CO.ZA

Posadres: CQ Boland Posbus 2105 Dennesig 7601


VAN DIE VOORSITTER.

BARK se ledetal staan tans op slegs 93! Ja, dit is die aantal lede wat tot op datum hulle lidmaatskap vir hierdie jaar hernu het. Daar is egter 'n vêrdere 37 name op die databasis wat wel laasjaar lid was van BARK maar nog nie hernu het nie. Vir hierdie 37 is daar 'n pienk vormpie saam met CQ Boland. Teen die einde van September maak ons gewoonlik die databasis skoon en indien u nie teen daardie tyd hernu het nie, sal u besonderhede ongelukkig van die databasis verwyder word.

Henry ZS1AAZ het laat weet dat hy van die komitee van BARK bedank. Hy sê dat hy so baie projekte het waaraan hy wil werk daar by die huis en dat hy voel dit tyd is vir jonger bloed om oor te neem op die bestuur van BARK. Namens al die BARK lede wil ek graag vir Henry bedank vir die 23 jaar ononderbroke diens op die komitees van BARK en die destydse Tak Boland. Henry was onder andere sekretaris vir 'n jaar of twee, en toe voorsitter van Tak Boland vanaf 1985 tot 1996. Met die stigting van BARK in 1996 het hy besluit om nie langer as voorsitter te dien nie maar steeds as skakelbeampte (en tegniese raadgewer) op die komitee aangebly. Ons vertrou dat Henry die rustigheid gaan geniet en nog steeds gereeld by BARK vergaderings kom vertel waarmee hy besig is.

By ons afgelope komitee vergadering het ons ook die moontlikheid van 'n

spesiale stasie om die lansering van die eerste satelliet in Oktober 1957 te herdenk. Van ons ouer lede sal seker nog die lansering van Sputnik op 4 Oktober 1957 onthou. Dit is dus hierdie jaar presies 50 jaar gelede



wat hierdie gebeurtenis die voorblaaie van omtrent alle koerante regoor die wêreld gehaal het. Meer besonderhede rondom die spesiale stasie

sal binnekort volg.

Net 'n laaste punt. By ons komiteevergadering het ons ook gesels oor lidmaatskap van die SARL. Tans is daar heelwat nuweling wat by die SARL aansluit. Verskeie redes kan seker hiervoor aangevoer word. Ongelukkig is daar heelwat BARKers wat nie aan die SARL behoort nie. Aangesien die BARK grondwet vereis dat BARK die SARL ten volle sal ondersteun wil ek tog graag 'n beroep doen op ons lede om almal by die SARL aan te sluit. Indien u meer besonderhede verlang kan u met een van die SARL raadslede by ons komende vergadering gesels.

Ek sien uit daarna om u almal by ons vergadering op 15 September in Die Strand te sien.

Groete van hok tot hok.

Rassie, ZS1YT



REDAKSIONEEL

Dankie vir al die bydraes wat ek vir hierdie uitgawe ontvang het. Daar is sowaar artikels wat oorstaan tot die volgende uitgawe. Dankie julle maak my werk baie makliker. Dit beteken egter nie dat julle nou moet ophou skryf nie.

Tot die volgende uitgawe.


Johan, ZS1RX



BARK 40M HF KOMPETISIE

Daar is 21 logstate ontvang en die finale uitslag is dat Theunis, ZS2EC, eerste plek met 97 punte behaal het, tweede is Raoul, ZS1REC, met 85 punte en Jan, ZS4JAN, is derde met 74 punte.

Brad, ZS5BG, het die hoogste telling in Afdeling 5 behaal en Ruaan, ZS6RMS, het die hoogste telling in Afdeling 6 behaal. Geen logstate is van Afdeling 3 ontvang nie. Die hoogste telling van 'n buurland is behaal deur Jack, V51KC, wat ook die algehele vierde plek inneem.



Die algehele wenner ontvang 'n 2007 ARRL-Antennahandboek (uitgawe 21) wat deur Kobus, ZS1DC, 'n lid van BARK, geskenk is. Sertifikate sal eersdaags gepos word.

Die volgende logs is ontvang van BARK lede: ZR1BIZ, ZS1DC, ZS1HQ, ZS1REC, ZS1RX, ZS1WDK.



KOM ONS GESELS TEGNIES

Deur Charles, ZS1CF

BETREË DIE WÊRELD VAN DIGITALE KOMMUNIKASIE

Ek hoor bitter min van die 119 BARK lede wat digitale modusse gebruik en ek wonder wat die rede is. As jy 'n rekenaar het, dan kan jy teen minimale koste self 'n rekenaar koppelvlak bou en die wêreld van digitale kommunikasie betree. Voorheen moes jy 'n TNC (Terminal Node Controller) ten duurste aanskaf, maar deesdae verrig jou rekenaar se klankkaart hierdie funksie en het jy nie 'n TNC nodig nie.



Nog meer, al die sagteware is gratis vanaf die internet beskikbaar. Een van die gewildste pakette is 'n program genaamd MixW. Die sagteware hanteer 17 verskillende digitale modusse, is dit nie ongelooflik nie? Van die meer bekendste modusse is BPSK31, FSK31, CW, SSTV, PACKET en FAX. MixW het ook 'n elektroniese log boek waarmee jy elke kontak met die druk van 'n knoppie op jou rekenaar kan stoor. Die program het ook programmeerbare makros wat jy volgens jou behoeftes kan opstel om herhalende tikwerk op die sleutelbord te verminder. Met die druk van bv. die F1 sleutel, word 'n makro in werking gestel wat die volgende teks volledig op die skerm laat verskyn:- "ZS1RX de ZS1CF, Goeie middag Johan en dankie vir die kontak. Jou RST is 599. Hoe ontvang jy my ? ZS1RX de ZS1CF plse K" Die makro plaas self die roepseine, die kontak persoon se naam en seinsterkte, en afhangende van die tyd van die dag goeie môre, goeie naand of goeie middag in die teks wat uitgestuur word.

Om die MixW program af te laai, besoek gerus die webblad by www.mixw.net


Nog 'n modus wat toeneem in gewildheid, is APRS. Dave Reese en Henry Chamberlain het ook 'n aanbieding by Stellenbosch se Radio Tegnologie in Aksie gedoen wat ek ongelukkig misgeloop het. Luister gerus op 144.800 MHz na die aktiwiteit. Ek geniet dit veral om na die weerstasie inligting van ZS1DFR, ZS1OA en FACT (Weerstasie by Kaapstad se internasionale lughawe) te kyk. Inligting soos wind spoed, wind rigting, temperatuur, humiditeit, barometer lesing en reënval is vrylik beskikbaar. Jy kan ook die beweging van enige mobiele stasie volg, waar sy posisie akkuraat op 'n kaart aangedui word. Inligting soos spoed en rigting waarin gery word, word ook aangedui.



Om die APRS modus op 2 meter te werk, word 2 programme benodig, AGWPE en UI-View. Om UI-VIEW af te laai, besoek die webblad www.ui-view.com. Om hierdie program te laat werk, word registrasie vereis om te verseker dat jy 'n radio amateur is. Die aflaai van die sagteware en registrasie is weereens gratis!! Kaarte vir Suid Afrika kan afgelaai word by www.zs6cey.org:8080/ deur "South African Maps" te selekteer.

Om AGWPE af te laai, besoek www.elcom.gr/sv2agw. Geen registrasie nodig nie en weereens gratis. AGWPE is 'n pakket radio bediener wat aan die X25 protokol voldoen, en moet tesame met UI-VIEW opgestel word vir die APRS modus. Volg die help lêers tydens opstelling.

Hier volg nou die klankkaart koppelvlak wat ek vir myself gebou het. Ek het besluit om 'n "reed relay" te gebruik om my radios se PTT te skakel. Ander ontwerpe gebruik 'n transistor of optiese isoleerder om dit te doen. Ek het al voorheen probleme ondervind met sekere radio's, dus die keuse van 'n "reed relay" PTT funksie in my ontwerp.



Die ontvangs (Rx Adj) en stuur (Tx Adj) verstelbare potensiometers het ek op die voorste gesigsplaat van die metaal kassie gemonteer. Dit gee my die gerieflikheid om fyn instellings te doen op die koppelvlak instelle daarvan om dit op die rekenaar se klankkaart te doen.

Ek het ook besluit om die PTT beheer op 3 maniere te laat werk, outomaties, af en aan. Hiervoor het jy 'n 3 posisie skakelaar nodig, boontoe selekteer "outomaties" en word beheer deur die rekenaar se RTS sein op die serie poort, middel selekteer "af" en ondertoe selekteer "PTT aan". Dit gee my meer opsies om my stasie te bedryf, bv. ek kan 'n opname wat ek op die rekenaar gemaak het maklik terugspeel oor die lug deur die PTT skakelaar in die "aan" posisie te selekteer. Die "af" posisie vind ek handig aangesien Windows XP elke keer wanneer die rekenaar aangeskakel word, die serie poort toets deur die RTS sein 3 maal aan en af te skakel. As jou radios gedurende hierdie stadium gekoppel is, word die PTT dus ook 3 maal geaktiveer en dit mag sturings aan ander stasies veroorsaak.

My behoefte was om enige een van 2 radios aan die koppelvlak te koppel. Al wat ek gedoen het was om 2 kort koppelvlak kables op te maak wat die 2 verskillende radios met die DB9 sok aan die koppelvlak verbind. Jy kan enige radio aan die koppelvlak verbind deur net hierdie kort koppelvlak kables aan te pas vir jou spesifieke radio.

Al die komponente vir die klankkaart koppelvlak is vrylik beskikbaar in die mark. Die 2 isolasie transformators is audio transformators met 'n 600Ω : 600Ω of 'n 1:1 verhouding.


Alhoewel die elektroniese bordjie redelik klein en kompak is, het ek my bordjie in 'n redelike groot metaal kassie ingebou om by my ander radio uitrusting aan te pas. Sodoende kan ek ander radios of instemmers bo-op die kassie plaas. Die metaal kassie wat ek gekies het se grootte is 200mm wyd, 170mm diep en 70mm hoog.

Lekker bou aan die projek en ek hoop ek hoor binnekort meer BARK lede op die digitale modusse.


Groete




KRING DIAGRAM




KOMPONENT UITLEG




GEDRUKTE BAAN UITLEG



Die uitleg hierbo se grote is verander om op die bladsy te pas en is dus nie op skaal nie.



**Klankkaart Koppelvlak
Voorste Paneel**



**Klankkaart Koppelvlak
Agterste Paneel**

KOMPONENTE LYS

Nr.	Comp. Nr.	Description	Quantity
1.	J1	2.5 mm Stereo Socket, panel mount	1
2.	J3,J4	3.5 mm Stereo Socket, panel mount	2
3.	X1	2.5 mm Power socket, panel mount	1
4.	TR1, TR2	Audio transformer, 600 ohm : 600 ohm	2
5.	R4, R8	Potentiometer 1 k Ω	2
6.	R3	Resistor , 10 k Ω , 1/8 Watt, Carbon	1
7.	R5	Resistor, 8k2, 1/8 Watt, Carbon	1
8.	R6	Resistor, 100 Ω , 1/8 Watt, Carbon	1
9.	R2, R7, R10	Resistor, 1k Ω , 1/8 Watt, Carbon	3
10.	C1	Capacitor, 4,7nF 50V	1
11.	C2	Capacitor, 1uF 50V	1
12.	C3, C4	Capacitor, 0,01uF 50V	2
13.	D1, D2, D4, D5, D6	Diode, 1N4148	5
14.	T1	Transistor, 2N2222	1
15.	S2	Switch, On/Off Toggle SPST	1
16.	SW1	Switch, On/Off/On – 3 Position toggle	1
17.	K1	Relay, Reed relay, DIP package	1
18.	LED3	LED, 5mm Green	1
19.	LED4	LED, 5mm Red	1
20.	X2	Connector, DB9, Male Panel mount	1
21.	From PC serial	Connector, DB9, Female Cable mount	1
22.	Enclosure	Enclosure, 200mmWide x 170mm Deep x 70mm High	1
23.	Patch	Patch cables to your requirements	



BARK AKTIWITEITE VIR 2007

Deur Rassie, ZS1YT

- 15 tot 16 September: SARL BHF kompetisie.
- 4 Oktober: SARL 80m QSO party.
- 17 tot 18 November: SARL HF veldstasies..

Voorwaar 'n besige jaar!



CQ CQ CQ DIT IS ZS1BAK\, ZS1BAK\, VANAF DIE MEES SUIDELIKSTE VUURTORING IN AFRIKA WAT ROEP EN LUISTER.....

Deur Johan, ZS1RX

So het dit geklink gedurende die naweek van 18 en 19 Augustus. Dit was die jaarlikse "vuurtorings-op-die-lug" naweek en BARK het weereens die stasie by die Agulhas vuurtoring bedien. Die BARKers wat die stasie bedryf het was: Karl – ZS1KC, Rassie – ZS1YT, Deon – ZS1G, Graham – ZS1GVB, Olivier – ZS1OLI, Okko - ZS1OKO, Andre en die uwe ZS1RX.

Die naweek was 'n reuse sukses met baie kontakte. Ons het ook 'n paar besoekers gehad. ZS1HK, ZS1AS en ZR1ST het ons kom besoek. Deon het 'n PSK31 digitale stasie bedryf en ook daar BARK se stempel afgedruk.

Ons maak volgende jaar weer so.....



Die stasie ZS1BAK\ bedryf deur ZS1RX



BARK VERGADERING VAN SATERDAG 15 SEPTEMBER 2007

Deur Johan, ZS1RX

Die volgende BARK vind plaas by die Laerskool Lochnerhof in die Strand. Dit is maklik om die plek te kry.

- Ry Strand toe met Broadway, dit is nou die R44.
- Pasop vir die spoedkamera by die Somerset Mall.
- Hou aan tot by Sarel Cilliers.
- Draai regs. (Dit is nou see toe).
- Draai regs in De Vosstraat.
- Draai die eerste straat links. Dit is Runge Straat.
- Volg Runge Straat tot by die ingang van die skool.

BARK
Vergadering...



Dankie aan Rassie, ZS1YT wat die relings getref het.



Daar sal bystand wees op 145.500 simpleks vir die van u wat onseker is van die roete.

Sien u daar!

Toekie, ZS1ABM sê: Gebruik 'n ou vrugterak om gereedskap in te bêre. Dit maak dit baie makliker om dit weer te kry.

DIE HALLICRAFTERS STORIE

Deur Ean, ZS1PR

Baie van ons (veral ouer) lede sal bekend wees met die Hallicrafters radios. Modelle soos die S-20R, S-40B en natuurlik die S-28 was redelik algemeen in SA. My eerste kennismaking met “kommunikasie-ontvangers” was dan ook met Hallicrafters en tot vandag toe het ek nog ‘n liefde vir hulle.

William (“Bill”) Halligan is in Boston (Massachusetts) gebore op 8 Desember 1898. Hy het kleintyd al met radios geëksperimenteer en in 1913 op 14-jarige leeftyd word hy ‘n Radio-amateur met die roep-sein 1AEH (In daardie dae was daar nie voorvoegsels vir verskillende lande nie, want kontak was beperk tot redelike kort afstande). Later van jare is was sy roep-sein W9AC.



Hallicrafter S-20R

Sy eerste werk op 16-jarige leeftyd is as Marine Radio-operateur op toerskepe wat tussen Boston en ander kus stede seil. Met die VSA se toetrede tot die eerste wêreldoorlog dien hy as Radio-Operateur op die slagskip USS Illinois. Na die oorlog skryf hy in by die Ingenieurswese Fakulteit van Tufts-kollege in Medford, Massachusetts, maar kon nie sy studies voltooi nie weens finansiële probleme (onthou, 1920/22 was die eerste depressie). Hy kry egter toelating tot die VSA militêre akademie te West Point maar verlaat West Point na twee jaar om in die huwelik te tree met Katherine Fletcher. Dus hoewel hy nie sy studies voltooi het nie, het hy etlike jare van studie agter die blad gehad.

Bill en Katherine het huis opgesit in Boston waar hy as Bestuurder van verkope vir die “Tobe Deutchmann Korporasie” gaan werk het. In 1923 het hy opdrag gekry om ‘n klein radio-winkeltjie in die middestad van Boston te open. Bill noem toe die plekkie “The Radio Shack” – Dit was die begin van die ketting wat vandag oor die hele VSA versprei is (“Radio Schack Corporation”).

In 1928 is Halligan na Chicago verplaas en in 1933 bedank hy by Deutchmann om sy eie klein Radio-firma te stig. Hy het met ‘n klein kantoor en ‘n bietjie kapitaal begin. Die voorstel van “Hallicrafters” deur ‘n vorige kollega was vir hom heel aanneemlik, want hy was van plan om ‘hand-geboude kwaliteit’ (“crafted”) radios te bemark. Dit het seker moed gekos want dit was in die tweede (‘groot’) depressie,



Maar daar was een groot bult wat hy nog moes oor voordat hy ‘n radio op die mark kon bring: RCA (“Radio Corporation of America”) was op daardie stadium die houer van die VSA patentreg op byna elke nuttige radio-tegniek.

Enige firma wat dus ‘n radio wou vervaardig het in daardie problem vasgeloop. ‘n Lisensie moes eers van RCA verkry word wat duur was. Alle aspirant radio-vervaardigers in die VSA het op daardie stadium in die feitlike monopolie van RCA vasgeloop.

Bill het begin om ontvangers te ontwerp en dan het die Silver-Marshall maatskappy hulle vervaardig en verkoop, want hulle het reeds 'n RCA lisensie gehad. In 1936 slaag Bill daarin om die Echophone maatskappy wat op die rand van bankrotskap was te koop. Echophone het ook die nodige lisensie van RCA gehad. Hy kombineer die twee firmas in een, hoewel hy die Echophone naam as 'n aparte handelsnaam behou het vir latere gebruik.

Die hele lisensie-probleem het gelukkig later verdwyn toe Arthur Collins (Collins Radio Co) vir RCA in die hof aangevat het oor hulle patentregte en lisensie. Die hof het beslis dat RCA se patente net geldig is op spesifieke tegnieke wat hulle ontwikkel en patenteer het. Dus as een voorbeeld: As RCA 'n sekere buis patenteer het, dan is die buis en die kring-toepassings van daardie buis hulle patent, maar dit maak nie dat hulle patentreg het op alle buise-kringe wat in radios gebruik word nie!



Arthur Collins

Daar was voorheen 'n soortgelyke saak in die VSA toe Henry Ford (Ford Motor Co and others) vir Seldon aangevat het oor sy 1877 patent vir 'n motorkar. Seldon het ook lisensie-gelde van elke motor-vervaardiger in die VSA verlang. Seldon het selfs 'n motor gebou (toe sowat 30 jaar later) om aan die hof te demonstreer dat sy 1877 patent nie net 'n teoretiese ontwerp was nie. Dit het darem "hik en snik" 'n entjie in die straat voor die hof geloop. Daardie hof het toe ook beslis dat Seldon se patent net toepaslik is op die motor-ontwerp wat hy in 1877 gepatenteer het en nie op alle "automobiles" nie.

Baie gou was Hallicrafters (veral onder radio-amateurs) bekend vir sy hoë-kwaliteit ontvangers. Senders het nou ook gevolg. Die "Skyrider" en "Super-Skyrider" (model SX-9) het veral die firma goed gevestig. Vir die BHF entoesias het die SX-10 ("Ultra Skyrider") in 1936 verskyn. Dit was die eerste kommersiële klaar geboude BHF ontvanger wat radioamateurs kon koop.

Hallicrafters se beste verkoopsmanne was die gebruikers wat die radios veral 'oor die lug' geprys het.



Skyrider Diversity

'n Interessante radio wat vandag 'n gesogte versamelaarsitem is, was die "Skyrider Diversity" van 1938. Dit was twee kompleet ontvangers langs mekaar in dieselfde kabinet. Elkeen het van sy eie antenne gewerk en so kon die effek van kwyning teëgewerk word. Dit was 'n unieke ontvanger en Hallicrafters was die enigste firma wat op daardie stadium so iets vervaardig het. Dit was egter 'n redelike groot stuk apparaat omdat dit nog voor die dae van miniatuur-buise en transistors was. Wyle Herman

Wessels ZS6AM sou daarna verwys het as 'n "Herniaphone"!

Nog 'n interessante ontvanger was die S-36A wat die SX-10 vervang het. Dit was 'n "UHF Receiver" wat van 28 MHz tot 143 MHz ingestem het en geskik was vir Gelykgolf, AM en FM. Die FM-bandwydtes kon geskakel word en die stel was met 'n groot meter toegerus wat mens kon skakel tussen S-meter funksie en as deviasie-meter. Omdat dit so 'n lekker groot meter was kon mens mooi instel op 'n FM-sein. Die voorkoms was identies aan die SX-28, so die twee was mooi "pasmaats" in 'n hok. Dit het ook 'n goeie luidspreker en baie mooi audio gehad. Die stel was een van die eerstes wat die sogenaamde RCA "Akker" buise met lae interelektrode kapasiteit in die RF stadium gebruik het. Die term "Akker" buis verwys na die buis wat soos 'n Akker (van die boom) gevorm is.



Hallicrafter SX-28

In die begin van die tweede wêreldoorlog het die Britte tot die besef gekom dat die Luftwaffe "navigasie-strale" (gebaseer op die Lorentz-sisteen) mag gebruik met uitsendings bo 30 MHz om hulle bomwerpers te lei na teikens in Brittanje. Dit was dus dringend nodig om eerstens te bepaal of die seine werklik bestaan en indien wel dan gereed vir die "strale" te monitor.

Hulle het 'n S-36A geneem en dit in 'n Avro Anson gemonteer. Nou nie so maklik soos dit klink nie, want die S-36A het net op wisselstroom gewerk en die Anson se elektriese stelsel was gelykstroom. So 'n omsetter motor-generator moes ook in die vliegtuig ingebou word. Nog geen elektroniese omvormers in daardie dae nie

Dit is vinnig gedoen en teen skemeraand is die Anson uit onder bevel van Eskader-leier Buckle en hulle het twee "strale" gevind wat minder as 300 meter wyd was en wat gekruis het op 'n vliegtuigenjin fabriek van Rolls-Royce.



Avro Anson

Die volgende dag het 'n amptenaar van die Lugvaart-ministerie met staats-aankoop dokumente die Amateur-radio handelaars in London besoek en almal se voorraad S-36 radios opgekoop. Die is hoofsaaklik langs die kus op hoë punte geïnstalleer om te monitor wanneer die stelsels aangeskakel word en waarheen die strale gerig word. Die Lugmag-museum in Kaapstad het een van hulle.



Hallicrafter HT-4

In 1938 bring Hallicrafters hulle vierde sender op die mark. Dit was die HT-4, 'n baie goeie Amateur-band sender. Hoewel die sender groot was soos meeste senders van daardie jare, het Hallicrafters die bakwerk van motor-plaat ("Automotive sheet-steel") gemaak wat dit heelwat ligter gemaak het as mededingende senders. Die HT-4 was 'n groot sukses.

Met die uitbreek van die tweede wêreldoorlog in 1939 was die VSA nog neutraal, maar Hallicrafters het reeds begin om meer en meer radios vir militêre doeleindes te vervaardig. Die groot

kliënte vir hierdie produkte op daardie stadium was Brittanje en Frankryk.

Met die Japanese aanval op Pearl Harbour in 1941 het die VSA regering besef dat hulle ontoereikend voorberei was vir 'n oorlog. Bill is tuis besoek en daar is ooreengekom dat Hallicrafters nou uitsluitlik vir militêre gebruik sal produseer. Produksie van die HT-4 sou voorkeur geniet. Bill se eie HT-4 is net daar en dan uit sy hok gekoop vir verskeping na Pearl Harbour om vernietigde toerusting te vervang.

Die HT-4 met dekking buite die Amateur-bande is as die BC-610 sender by die duisende vervaardig. Die SX-28 is in baie vorme vervaardig waarvan die SCR-281 en SCR-299 die mees algemeenste is.

Gedurende die oorlog-jare kan mens sien dat Bill as 'n eertydse verkoop-bestuurder nie 'n belangrike les van bemarking vergeet het nie, naamlik dat al kan mens nie jou mark op 'n gegewe oomblik bevredig nie, jy moet sorg dat jou teikenmark jou nie vergeet nie. Reg deur die oorlog het Hallicrafters advertensies in radio-tydskrifte (veral QST) geplaas wat vertel wat hulle produkte doen en beloftes van "interessante nuwe ontwikkelings" belowe het na die oorlog. Hulle het ook artikels geborg in radio-tydskrifte wat goeie stories van suksesvolle verbinding gedurende militêre operasies vertel het, natuurlik met die hulp van Hallicrafters toerusting! Terugkerende oud-gediendes het ook vertel van situasies waar Hallicrafters apparaat tot hulle sukses bygedra het.


Dit is interessant dat Harley-Davidson wie se totale motorfiets-produksie deur die oorlogspoging geneem is, dieselfde gedoen het deur gereeld in tydskrifte soos "Popular Mechanics" volblad-advertensies te plaas. Kolonel Tom Parks het so twintig jaar later dieselfde gedoen gedurende die tyd wat Elvis Presley diensplig gedoen het. Hy het opnames wat voor die tyd gemaak is vrygestel en feitlik weekliks publisiteit materiaal versprei oor hoe dit nou met Elvis gaan. Sodoende het die teikenmark nie van Elvis vergeet nie.

In die volgende uitgawe vertel Ean verder van hierdie merwaardige radios



BARK VERGADERING VAN SATERDAG, 30 JUNIE 2007

Deur Johan, ZS1RX



Pine, ZS1XE

Nou wat kan elk skryf oor 'n BARK vergadering? Die vergadering het plaasgevind op die plaas van Olivier, ZS1OLI, se plaas in die Agter Paarl. BARK vergaderings is soos 'n groot re-unie. Die amptelike dinge was so 12 uur klaar en toe het die lekker gesels rondom die braaivleisvure begin. Dit was dan ook BARK se algemene jaarvergadering. Die ou komitee is weer verkies en twee addisionele lede is by die komitee gevoeg. Baie welkom aan Conrad, ZS1ES, en Jean ZS1HJC.

Daar was 12 nuwelinge by die vergadering. Die volgende 63 persone het die teenwoordigheidslys geteken:

ALBERTS, JOHAN ZS1DJA
 AUCAMP, JOHAN ZS1GP
 BURGER, WIM ZR1SWB
 CANITZ, KARL ZS1KC
 CHAMBERLAIN, HENRY ZS1AAZ
 COETZEE, JEAN ZS1HJC
 COETZEE, RAOUL ZS1REC
 CONRADIE, KOBUS ZS1DC
 CONRADIE, PHILIP ZS1CON
 DE KOCK, WILLEM ZS1WDK
 DE VILLIERS, BARBARA
 DE VILLIERS, CHRIS ZS1CDV
 DE VILLIERS, FRANCOIS ZR1ACF
 DE WIT, CHRIS ZS1CK
 DEMASIUS, INGE ZS1DD
 DEMASIUS, ULF ZS1ZO
 DRY, E.J. ZS1EJD
 DU PLEISIS, DOEPIE ZS1HK
 ERASMUS, BEN
 ERASMUS, LOURENS ZS1BFE
 ERASMUS, RASSIE ZS1YT
 ESTERHUIZEN, CONRADT ZS1ES
 GREEFF, FRED ZS1AS
 GREYVENSTEYN, MATT ZS1MJJ
 HAARHOFF, BENNIE ZR1JHD
 HAARHOFF, JOE ZS1AAB
 HAARHOFF, RINA
 HEYDENRYCH, DEON ZS1G
 HORN, HANNES ZS1NJ
 HUGO, JAN ZS1JH
 HUISAMEN, MARIUS ZR1MAR
 HYMAN, CLYDE ZS1CS
 JACOBS, PIETER ZS1UH

JENDRISSEK, PETER ZS1JX
 KEANLY, PETER ZS1W
 KLEINHANS, CORLIA
 KLEINHANS, THEO ZR1OX
 KORKIE, LEON ZS1MM
 LE ROUX, ALMA
 LE ROUX, CHARLES ZS1CF
 LE ROUX, JOHAN ZS1RX
 MCKENZIE, CAROL
 MCKENZIE, MAC ZS1XX
 MÜLLER, ROLANDA
 MÜLLER, SANDRA
 MÜLLER, THEO ZR1TSM
 OPPERMAN, OPPIE ZS1OP
 PIENAAR PINE ZS1XE
 RENE SCHOUW
 SADIE, BENNA ZS1PBS
 SCHEEPERS, BOB ZS1BOB
 TEUBES, SHAUN ZR1ST
 TOXOPEUS, HENK ZS1ACD
 VAN DER VYVER, JAN ZS1VDV
 VAN DER WALT, NICK ZS1NIC
 VAN DER WALT, STEFAN ZS1SV
 VAN PLETZEN, CAREL ZS1CVP
 VAN RHYN, WILLIE ZS1RV
 VAN ROOYEN, ANSIE ZS1AVR
 VAN ROOYEN, KOBUS ZS1KVR
 VAN STADEN, OLIVIER ZS1OLI
 VAN ZYL, BETSIE
 VAN ZYL, RENE ZS1VR
 WILMOT, ANDRE ZU1DVD
 WILMOT, JAMES ZS1JMS



Toekie, ZS1ABM sê: Gebruik 'n bietjie Baba-olie om vinger en ander merke van vlekvrystaal te verwyder. Dit sal ook die gommerke van plakkers verwyder.

VAN Boland Amateurradio klub
Posbus 2105
Dennesig
Stellenbosch
7601